



# Hoërskool Fichardtpark

diensbaarheid • integriteit • geloof • respek • uitnemendheid

Geagte ouers

Hoërskool Fichardtpark wil graag elke leerder sterkte toewens met die eksamen wat voorlê. Ons weet dat ons leerders hard werk en graag goeie prestasies wil behaal.

## **Vrydag 11 Junie: Geleentheid vir leerders om uitstaande take en toetse in te haal**

Baie dankie aan die leerders wat hierdie geleentheid benut het om agterstallige take en/of toetse in te haal. Aan die ander kant is daar ongelukkig steeds leerders wat nie ag op die skool te versoek geslaan het nie - dit is uiters teleurstellend. Derhalwe verbeur hierdie leerders die punte wat hulle vir daardie assesserings sou verdien. Tensy die skool nie van 'n doktersbrief voorsien word nie, sal daar nie nog so 'n geleentheid wees nie.

## **Astro-nomiese projek**

Ons droom om 'n hokkie-astrobaan te bou, raak nou 'n realiteit. Ons is opreg dankbaar vir elke ouer en leerder se bydrae tot die *Astro-nomiese projek*. Dit gaan tans baie goed en die fondsinsameling se barometer staan op R132 000.



Kontak Nommer: 051 522 6927 • Epos: [fichpos@fpark.co.za](mailto:fichpos@fpark.co.za)  
Hudsonrylaan 24, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317

[www.fpark.co.za](http://www.fpark.co.za)

## **Covid positiewe gevalle – 14 Junie**

Gr 12 – 3

Gr 11 – 1

Gr 10 – 2

Gr 9 – 3

Gr 8 – 0

Totaal – 9

Ten slotte wil ons elke ouer bedank vir u positiewe ingesteldheid teenoor Hoërskool Fichardtspark – ons is bevoorreg om hierdie pad saam met julle te kan stap.

Fichie-groete

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'H van der Merwe', with a long horizontal stroke extending to the right.

**H van der Merwe**

**Skoolhoof**

**2021/06/14**